GIMMIE-NUUS

LANGENHOVEN GIMNASIUM OUDTSHOORN

Privaatsak X611 Tel. 044 272 2151/2 Faks 044 272 6254
e-pos admin@lgim.co.za Web: www.langenhovengim.co.za

UITGAWE 17/2021 GIMMIES VIR UITNEMENDHEID 2 Julie 2021

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers, Personeel en Leerlinge

Die vakansie het vinniger aangebreek as beplan, sekerlik vir die leerlinge beter nuus as vir die personeel en ouers, aangesien dit ander uitdagings meebring. Gelukkig het ons almal aangeleer om aanpassings te maak en sal ons spoedig die onafgehandelde assesserings volgende kwartaal afhandel. Vir sommige leerlinge is dit ‘n verdere geleentheid om beter voor te berei, besluit self of jy in hierdie kategorie val of nie.

Die volgende het al so baie by my opgekom sedert die ongewone omstandighede waarin ons onsself bevind: *As ons tyd het om te kerm en te kla oor iets wat pla, het ons ook tyd om iets daaraan te doen. Anthiny D’Angelo.*

Ons het ‘n filosofie by die skool en dit help ons om oor dinge te besin: Jy mag oor iets kla, jy moet net met ‘n oplossing vorendag kom. Om foute op te spoor, is die maklikste ding in die wêreld, om met oplossings te kom, maak dit moeiliker. Gewoonlik word die tweede deel van die leierskorps verwag, hulle het belangrike insette van die res nodig.

Ons is verplig om die laaste twee dae se assessering oor te dra na volgende kwartaal. Ons begin met Dag 1, die leerlinge sal weet wat ons hiermee bedoel. Dag 2 en dag 3 word gebruik vir die assesserings wat op 1 en 2 Julie sou plaasvind. Ons sal later ‘n aankondiging maak wanneer die rapporte beskikbaar sal wees.

Ouers sal ook weer ‘n formele geleentheid hê waarin leerlinge se vordering met onderwysers bespreek kan word.

Aangeheg is die kwartaalprogram soos dit beplan is. Ons is afhanklik van die vlak waarin die land sal wees op ‘n gegewe stadium. Dit mag dus wees dat aktiwiteite wat beplan is, nie sal kan plaasvind nie. Ons sportprogram is ‘n voorbeeld. Indien dit voortgaan, is dit in plek, indien ons nie met sport mag voortgaan nie, sal dit net verval.

Ons het die laaste twee weke die volgende twee eienskappe beklemtoon: om vriendelik te wees en om dankie te sê. Daar is ‘n spreekwoord wat sê: *Met vriendelikheid en sjarme kan ‘n mens ‘n slang laat glimlag.* Ons hoor van mense wat ons skool besoek wat sê dat hulle dit aangenaam vind dat kinders nog vir hulle opstaan wanneer hulle verbyloop. Wat ‘n mooi kompliment! Daar steek baie meer daarin as om net op te staan, hiermee saam gaan respek, erkenning aan besoekers aan ons skool en hulle laat welkom voel. ***“Dankbaarheid is iets waarvan niemand te veel kan gee nie.” Markus Cicero.*** Leer u kinders om opreg dankie te sê, ons het baie meer om voor dankie te sê, as om te vra.

Met die nuwe wet op die beskerming van persoonlike inligting wat vanaf 1 Julie 2021 in werking tree, meer bekend as die POPI-wet, moet u as ouer ingelig wees dat dit u reg is om ons in kennis te stel van enige foto van u kinders wat u nie geplaas wil hê nie, ons verwys na die sosiale media, bv. Facebook of Instagram of ook enige koerantfoto’s van enige

aard. Ons sal in die nuwe kwartaal meer inligting hieroor bekendmaak.

Die rede vir die vroeë sluiting van die skole is om die verspreiding van die virus te beperk. Ons versoek ons ouers om julle kinders te versoek om by die volgende maatreëls te hou:

- Dra maskers wanneer hulle die huis verlaat
- Behou die sosiale afstande
- Vermy saamkuier met ander persone, veral in groepe
- Saniteer die hande baie gereeld.

Ons neem afskeid en sê dankie aan die volgende personeel:

Mev. Susan Botha het ons in die verlede al uitgehelp met vertrekkende personeel. Ons het gewoond geraak dat sy uit lojaliteit telkens ja sê aangesien sy ander verpligtinge ten opsigte van haar eie werk het. Ons opregte dank en groot waardering dat sy ter wille van ons kinders ingewillig het om haar volle deel te doen. Baie dankie vir hierdie mooi gesindheid en dat ons kinders en die skool kon baat uit haar bekwame dienste.

Juffrou Sonnika Stemmet verlaat ons na ‘n jaar en ‘n half. Juf. Stemmet het as jong dame by ons aangesluit en baie mooi ingeskakel by ons skool op akademiese en sportgebied. Ons opregte dank vir haar vriendelikheid en opregte belangstelling in ons kinders. Ons wens haar baie voorspoed toe met haar nuwe lewensfase, mag dit verrykend en aangenaam wees. Ons gaan haar sprankel en positiewe lewensuitkyk mis, maar wens vir haar baie voorspoed toe met haar toekomsplanne.

Mnr. Clarke het ons op baie kort kennisgewing uitgehelp toe ons in die nood was. Ons waardeer dit dat hy in ‘n ander vakgebied ingestaan het. Dit bewys sy lojaliteit teenoor ons skool, waarvan hy lank ‘n personeellid was, maar ook die leerlinge wie hy moes onderrig. Ons gun vir hom ‘n baie aangename rustyd, mag hy gesond bly en weet dat ons sy gesindheid opreg waardeer.

Mnr. Johan Potgieter tree met pensioen uit diens nadat hy by die destydse H.T.S. Oudtshoorn in Januarie 1984 aangesluit het. Na baie jare se diens aan ons skool sê ons vandag totsiens. Totsiens aan ‘n persoon wat kinders verstaan het, wat geweet het hoe om leerlinge op die sportveld en in die klaskamer te motiveer tot hoër hoogtes. Mnr. Potgieter het vir etlike jare die skool se eerste rugbyspan afgerig en baie groot sukses daarmee behaal. Hy was op verskeie terreine by die skool en sy bedrywighede betrokke en het groot insette gelewer. Hy was ook ‘n lid van die skool se bestuurspan en direk betrokke by die daaglikse bestuur van ons skool. ‘n Groot getuigskrif is wanneer oudleerlinge die skool besoek en hy tydens hulle skoolloopbaan hier was, hulle heel eerste na mnr. Potgieter vra en dan wil weet: Is hy nog hier, want ons moet hom groet. Mnr. Potgieter het altyd ‘n oor en ‘n hart vir kinders, kinders neem die vrymoedigheid om sy siening te hoor. Sportmal, dit is mnr Potgieter, daarom ook die benaming, mnr. Sportgieter. Ons bedank mnr. Potgieter vir sy lojaliteit, sy vriendelikheid, sy meelewing wanneer kinders opgewonde kon raak oor klein dingetjies, sy empatie met kinders wat swaar gekry het en sy passie as onderwyser. Ons gun vir hom en sy eggenote, mev. Mariétjie Potgieter, ‘n welverdiende rus na 37 jaar van diens aan ons skool en ook die gemeenskap waar hulle betrokke was. Geniet julle nuwe standplaas in Mosselbaai. Ons gaan volgende kwartaal volgens die gebruiklike tradisie aan hom totsiens sê, wanneer omstandighede weer normaal is.

Ons wens aan elke ouer en leerling ‘n baie aangename en geseënde rustyd. Geniet mekaar se teenwoordigheid en bou sterk gesinsbande.

Wees asseblief veilig.

Vriendelike groete.

Stephanus Potgieter

1. BELANGRIKE DATUMS

Vrydag 16 Julie:
Me. S. Britz verjaar

Maandag 19 Julie: Dag 1
Skool heropen vir personeel: 07:05
Skool heropen vir leerders: 07:25 – 13:50

Dinsdag 20 Julie: Dag 2
Skooltye vir res van kwartaal: 07:25 – 13:50

Woensdag 21 Julie: Dag 3

Donderdag 22 Julie: Dag 4
Me. R. Engelbrecht verjaar
Mnr. D. Basson verjaar

Vrydag 23 Julie: Dag 5

Saterdag 24 Julie:

Sondag 25 Julie:

2. VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende leerders wat gedurende die vakansie verjaar. Mag julle 'n wonderlike nuwe lewensjaar hê.

1 Julie: Joshua van Rooyen
Kaino Williams

2 Julie: Curtley Davids

3 Julie: Wernize Beauzec

4 Julie: Janco Westenraad

5 Julie: Gianelle Botha
Lewranko Oosthuizen

6 Julie: Marlie Ellis
Jannike van Rensburg

7 Julie: Richter van Heerden
Miron Booysin

8 Julie: Altus Brewis

9 Julie: Michaela Briedenhann
Ayden Fiellies
Luke van Heerden

10 Julie: Lieschen Claassen
Tayla Dicker
Lourens Geldenhuys

11 Julie: Simoné Hunlun
Kayla van der Westhuizen

12 Julie: Kelsé Taljaard

13 Julie: Francois Barnardo

14 Julie: Zander Graham

17 Julie: Luzaan Huyzers
Cariza van Wyk
Hazel-Anne Delport

18 Julie: Leon Liebenberg
Alec-Zander Gerber

19 Julie: Wildré van Zyl
Zack Verdoes

20 Julie: Christiaan Oberholzer

21 Julie: Pieter Steenkamp
William Beer

3. UITSLAE

TENNIS

Sterkte aan Liebe Oosthuizen wat gedurende die vakansie in Durban aan die Growth Point Super 8-tennistoernooi gaan deelneem.

SKAAK

Kobus Geyser is genooi om aan die 2021 aanlyn South African *Junior Closes Chess* kampioenskappe deel te neem. Die datums is:

Vlak 1: 3 – 4 Julie 2021 *(Wild Card*)
Vlak 2: 10 – 11 Julie 2021 (*Qualifier*)
Vlak 3: 17 – 18 Julie 2021 (*Knock-Out*)

Baie sterke en geniet die toernooi.

VOEDSEL-JEUGSKOU

Ruan en Riana Louw het puik prestasies behaal in 'n voedsel-jeugskou wat op 7 Junie 2021 plaasgevind het.

Die uitslae is soos volg:

Kulinêr Senior 1ste: Ruan Louw
Kulinêr Senior 2de: Riana Louw

Ons is baie opgewonde oor julle kookkuns-talent. Baie geluk!

KWARTAALDATUMS: DERDE KWARTAAL 2021

WEEK 1

Jul., Ma., 19 : Skool heropen vir personeel: 07:05
Skool heropen vir leerders: 07:25 – 13:50
Jul., Di., 20 : **Skooltye vir res van kwartaal: 07:25 – 13:50**
Jul., Wo., 21 :
Jul., Do., 22 : Me. R. Engelbrecht verjaar.
Mnr. D. Basson verjaar.
Jul., Vr., 23 :
Jul., Sa., 24 :
Jul., So., 25 :

WEEK 2

Jul., Ma., 26 : Me. H. Pretorius verjaar.
Jul., Di., 27 :
Jul., Wo., 28 : **Personeelvergadering: Puntebespreking (14:00)**
Jul., Do., 29 :
Jul., Vr., 30 :
Jul., Sa., 31 : Rugby en netbal teen Sentraal (W)

AUGUSTUS 2021

Aug., So., 1 :

WEEK 3

Aug., Ma., 2 : Koshuiskomiteevergadering 08:30
Ouers maak oueraandafsprake by mev. Van Wyk tot 15:10

Aug., Di., 3 : Ouers maak oueraandafsprake by mev. Van Wyk tot 15:10
Finansiële komiteevergadering 17:30
Sport-, kultuur-, vak- en komiteebegrotings na me. Laubser
Netbal teen Outeniqua (T)

Aug., Wo., 4 : Bemarkingskomiteevergadering 17:30
Ouers maak oueraandafsprake by mev. Van Wyk tot 15:10
Neem van foto's: buitemuurse aktiwiteite en gr. 10-12-klasfoto's

Aug., Do., 5 : Me. E. Strauss verjaar.
Groot Brag
Ouers maak oueraandafsprake by mev. Van Wyk tot 15:10
Aug., Vr., 6 : Ouers maak oueraandafsprake by mev. Van Wyk tot 14:00
Tuisnaweek

Aug., Sa., 7 : **Tuisnaweek**
Interskole teen Hoërskool Punt (T)

Aug., So., 8 : **Tuisnaweek**

WEEK 4

Aug., Ma., 9 : **Nasionale Vrouedag**

Aug., Di., 10 : Infrastruktuurvergadering 08:00
Ouer-onderwyser-kontakaand om 17:00 in skoolsaal
VRL-nominasies open

Aug., Wo., 11:

Aug., Do., 12 : Sportkomiteevergadering 17:30
Bloedskenk

Aug., Vr., 13 : VRL-nominasies sluit

Aug., Sa., 14 : Sport teen Hoërskool Montagu (W)

Aug., So., 15 :

WEEK 5

Aug., Ma., 16:

Aug., Di., 17 :

Aug., Wo., 18:

Aug., Do., 19 : Beheerliggaamvergadering (begroting) 17:30

Aug., Vr., 20 : **Kennisgewing aan ouers van die begrotingsvergadering**

Aug., Sa., 21 : Netbal en hokkie teen Knysna (T)

Aug., So., 22 :

WEEK 6

Aug., Ma., 23:

Aug., Di., 24 :

Aug., Wo., 25: VRL-voorstelling

Aug., Do., 26 : **Gr 9: Oueraand (vakkeuses)**
Sporttoerusting ingee by mnr. Ferreira

Aug., Vr., 27 : VRL-verkiesing

Aug., Sa., 28 : Rugby: Provinsiale o/17-sewestoernooi (Hoërskool Punt)
MATRIEKAFSKEID

Aug., So., 29 : Mnr. B. Janse van Rensburg verjaar.

WEEK 7

Aug., Ma., 30:

Aug., Di., 31 :

SEPTEMBER 2021

Sep., Wo., 1 : Oorhandiging van deelnamesertifikate in saal (wintersport en kultuur)
Mnr. A. Schultz verjaar.

Sep., Do., 2 : **SPORTDINEE: 18:30 (skoolsaal)**

Sep., Vr., 3 : **Tuisnaweek**
Ouerbrief na ouers

Sep., Sa., 4 : **Tuisnaweek**
Medium skole rugby-finaal (Outeniqua Park)

Sep., So., 5 : **Tuisnaweek**
Me. Suzaan Ellis verjaar.

WEEK 8

Sep., Ma., 6 :
Sep., Di., 7 : Beheerliggaamvergadering 17:30
Junior Afrikaanse Olimpiade 14:00 – 16:00

Sep., Wo., 8: Registeronderwysers: Kontroleer afskrifte van ID-dokumente en geboortesertifikate in leerders se persoonlike lêers.

Sep., Do., 9 : **Borge-en-afrigtersfunksie**

Sep., Vr., 10 : Mnr. A. Vorster verjaar.

Sep., Sa., 11 : Mnr. S. Potgieter verjaar.
Sep., So., 12:

WEEK 9

Sep., Ma., 13: Me. I. Ferreira verjaar.
Sep., Di., 14 :
Sep., Wo., 15:
Sep., Do., 16 :
Sep., Vr., 17 :
Sep., Sa., 18 :
Sep., So., 19 :

WEEK 10

Sep., Ma., 20:
Sep., Di., 21 :
Sep., Wo., 22:

Sep., Do., 23 : **Begrotingsvergadering met ouers: Goedkeuring van skool- en koshuisgelde**

Sep., Vr., 24 : Me. E. Niehaus verjaar.
Me. A. van Wyk verjaar.
Atletiek: Punt Top 10 (Mosselbaai)
Erfenisdag/Publieke vakansiedag

Sep., Sa., 25: Me. S. Botha verjaar.
Atletiek: Punt Top 10 (Mosselbaai)

Sep., So., 26:

WEEK 11

Sep., Ma., 27:
Sep., Di., 28 :
Sep., Wo., 29:
Sep., Do., 30 :

OKTOBER 2021

Okt., Vr., 1 : **Skool sluit**